



*Office of the Principal and Vice Chancellor*

**PROF MANDLA MAKHANYA**

**WISEKANSELIER EN REKTOR VAN UNISA  
VERWELKOMING- EN OPENINGSTOESPRAAK  
19de Jaarlikse Steve Biko-gedenklesing**

**14 September 2018, ZK Matthews-grootsaal, Unisa**

- Sy Eksellensie Cyril Ramaphosa, president van die Republiek van Suid-Afrika
- Me Zanele Mbeki, voormalige presidentsvrou van die Republiek van Suid-Afrika
- Me Naledi Pandor, minister van hoër onderwys en opleiding
- Mnr Patekile Holomisa, adjunkminister van arbeid
- Mnr Andries Nel, adjunkminister van samewerkende regering en tradisionele sake
- Me Tembi Majola, adjunkminister van energie
- Mnr Mondli Gungubele, adjunkminister van finansies
- Mnr Trevor Manuel, voorsitter van Old Mutual Beperk en voormalige minister van finansies, en me Maria Ramos

- Mnr Sakhi Simelane, voorsitter van die Unisa-raad, en me Simelane, asook alle lede van die Unisa-raad teenwoordig
- Me Mandu Makhanya
- Me Nontsikelelo Biko
- Mnr Nkosinathi Biko, stigter en uitvoerende trustee van die Steve Biko-stigting, asook me Sello Biko en ander lede van die Biko-familie teenwoordig
- Sy Eksellensie Bene M’Poko, ambassadeur van die Demokratiese Republiek van Kongo en dekaan van die Suid-Afrikaanse Diplomatieke Korps
- Hulle Eksellensies ambassadeurs en hoë kommissarisse teenwoordig
- **Hulle Koninklike Hooghede:**
  - **Hoofman Zanelizwe Dalindyebo**
  - **Hoofman Xhanti Sigcawu**
  - **Hoofman Ahlangene Sigcawu**
  - **Hoofman Mziwoxolo Tyhali**
  - **Prinses Mandlakazi Sigcawu**
  - **Prins Patrick Ntsohi**
- Mnr Ishmael Mkhabela, voorsitter van die Steve Biko-stigting, en me Mkhabela, asook ander lede van die Steve Biko-stigting teenwoordig
- Dr Brigalia Bam, voorsitter van die Thabo Mbeki-stigting, en ander lede van die Thabo Mbeki-stigting teenwoordig
- Lede van die uitvoerende en uitgebreide bestuur van Unisa teenwoordig
- **Voormalige Unisa-ampsdraers:**
  - Regter Bernard Ngoepe, voormalige kanselier van Unisa en voormalige regterpresident van die Noord- en Suid-Gautengse Hoë Howe, en me Daphne Ngoepe, asook ander lede van die regbank

teenwoordig

- Prof Barney Pityana, voormalige rektor en visekanselier van Unisa, en me Dimza Pityana
- Prof Neo Mathabe, voormalige visekanselier van Unisa en professor verbonde aan Unisa
- Verteenwoordigers van nasionale, provinsiale en plaaslike regering en Hoofstuk 9-instellings teenwoordig
- Verteenwoordigers van verskeie opvoedkundige instellings, organisasies en stigtings teenwoordig
- Lede van die kerkgemeenskap teenwoordig
- Verteenwoordigers van verskeie politieke partye teenwoordig
- Lede van die sakegemeenskap teenwoordig
- Lede van die universiteitsgemeenskap teenwoordig
- Verteenwoordigers van verskeie studenteliggame teenwoordig
- Leiers van die Nasionale Verteenwoordigende Studenteraad van Unisa en die verteenwoordigende studenterade van Unisa se susteruniversiteite
- Leiers van georganiseerde arbeid by Unisa en in ons land
- Verteenwoordigers van verskeie mediahuise teenwoordig
- Hooggeplaaste lede van die gehoor
- Dames en here

Namens die Universiteit van Suid-Afrika en ons vennoot, die Steve Biko-stigting, heet ek u graag vanaand welkom by hierdie geskiedkundige 19de Jaarlikse Steve Biko-gedenklesing. Ons omarm u almal in die gees van Afrika-ubuntu.

Elke jaar wanneer ons hierdie prestige-gedenklesing hou, word Suid-Afrika en

die wêreld se aandag op die ikoniese intellektueel en reus van die vryheidstryd, Steve Biko, toegespits en word sy nagedagtenis op verskeie maniere gevier. Dít wys ons dat hy aan sy familie, sy gemeenskap, sy organisasie – aan almal van ons – behoort het, wat, indien dit ooit sou nodig wees, dien as klinkklare bewys dat sy nalatenskap relevant en tydloos bly.

Steve Biko was een van die sentrale figure in die stryd teen die apartheidsregime. Sy statuur word beaam deur die feit dat meer as vier dekades sedert sy dood, sy stem van generasie tot generasie hoorbaar bly en steeds 'n invloed op gesprekke en debatte in ons land, op ons kontinent en in die internasionale gemeenskap uitoefen.

U sal dus verstaan as ek sê dat dit vir my 'n voorreg is om die Biko-familie en die Steve Biko-stigting te bedank vir die vennootskap wat hierdie prestigegedenklesing van krag tot krag laat gaan het. Unisa is verheug om tot die groeiende sukses van die gedenklesing by te dra en Biko se ideologie en etos van swart bewustheid deur middel van uitreiking-en-ingrypingsprogramme na alle dele van ons samelewing uit te dra. Aan die Biko-familie en die Biko-stigting sê ons weereens: u groothartigheid en diepe toegewydheid tot hierdie vennootskap word altyd op prys gestel en hooggeag.

Dames en here, terwyl ons vanaand Steve Biko gedenk 41 jaar nadat hy wreedaardig deur die apartheidsregime vermoor is, wil ek u graag herinner aan die steunpilare van die struggle wat ons onlangs aan die dood afgestaan het, naamlik Zondeka Sobukwe, Winnie Madikizela-Mandela, Hugh Masekela, minister Zola Skweyiya, professor Willie Kgositsile, ambassadeur George Nene en die groot fotograaf Sam Nzima, en al ons struggle-ikone wat die afgelope jaar gesterf het – so baie van hulle en so hartseer. Dit is ook 40

jaar sedert die dood van Robert Mangaliso Sobukwe en 10 jaar sedert die dood van Miriam Makeba. Elkeen van hierdie name en groot persoonlikhede moet ons kragdadig herinner dat vryheid teen 'n hoë prys verkry is. Vele leiers het gely en is gemartel; baie van hulle het die hoogste prys betaal, en hulle families is gevolglik van vaders, moeders, ooms, tantes, seuns en dogters beroof.

Terwyl ons hier bymekaar is, herinner ek u ook aan die eeufees ter nagedagtenis van die lewens van Albertina Sisulu en president Nelson Rolihlahla Mandela, wat hierdie jaar hulle 100ste verjaardae sou gevier het. Hierdie viering val heel gepas saam met Unisa se herdenking van sy skuif van Kaapstad na Pretoria in 1918. Al die groot name en lewens na wie ek sopas verwys het – en vele, vele meer – is geëerde merkers van die mylpale op ons epiëse reis en ons onverpoosde soeke na maatskaplike geregtigheid.

Hier waar ons vanaand byeen is, dink ons aan die enorme sosio-ekonomiese uitdagings wat ons tans in die gesig staar en die onstuimige globale konteks waarin ons onself bevind. Ons, as land, staan voor 'n kruispad en besef dat die besluite wat ons neem, hetsy individueel of kollektief, rigtingbepalend is en die res van die wêreld sal wys of ons bereid is om die beloftes van bevryding en demokrasie ten uitvoer te bring. Die algemene tema en boodskap wat na vore kom in ons universiteite, stede, dorpe, townships, plase en informele nedersettings is dat ons, enersyds, maatskaplike geregtigheid nie moet onderskat en, andersyds, versoening nie moet oorskat nie; die twee gaan weliswaar hand aan hand. Ariel Dorfman het die wese van ons strewe na geregtigheid soos volg in die Nelson Mandela-lesing van 2010 vasgevang: “[We] cannot undo the damage of the past but must strive instead to undo the damage to the future. We must prove in our actions tomorrow that we have learned from the terrors and sins of yesteryear.” [Ons kan nie die skade

van die verlede ongedaan maak nie, maar moet eerder daarna streef om die skade aan die toekoms ongedaan te maak. Ons moet in ons toekomstige dade bewys dat ons uit die gruwels en sondes van die verlede geleer het.”]

As deel van voortgesette nasiebou moet ons die tydlose relevansie van Steve Biko se ideologie van swart bewustheid in gedagte hou – hierdie ideologie erken die verlossende, veredelende en bemagtigende waarde van die menslike bewussyn as ’n kragtige instrument wat die samelewing tot nasiebou kan aanspoor deur mense se gewaarwording van hulle seggenskap oor hulle lot en hulle reis onderweg na daardie lot aan te wakker.

U Eksellensie, president Ramaphosa, u is aan die stuur van ons republiek, en ons werk saam met u terwyl u ons begelei op die weg wat ons moet neem om al ons uitdagings te konfronteer en die hoof te bied. Dit is uiters gepas dat u ons vanaand toespreek aangesien swart bewustheid ’n belangrike deel van u politieke herkoms uitmaak, veral wat die vroeë jare van u politieke aktivisme betref.

Met dit in gedagte, geëerde gaste, dames en here, nooi ek almal hier teenwoordig en diegene wat hierdie lesing met behulp van ons gevorderde kommunikasiemiddele volg, om Sy Eksellensie president Ramaphosa, wat ons tydens hierdie 19de Jaarlikse Steve Biko-gedenklesing op ’n reis van nabetragting gaan neem, saam met my welkom te heet. Mag ’n fees van idees hier ontketen word en mag verbintenisse gesmee word wat verder as die mure van hierdie saal gaan!

Baie dankie.